

REPUBLIEK
VAN
SUID-AFRIKA



REPUBLIC
OF
SOUTH AFRICA

Staatskoerant Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik 45c Local
Buitelands 60c Other countries
Posvry • Post free

**Regulasiekoerant
Regulation Gazette**
No. 3992

As 'n Nuusblad by die
Poskantoor geregistreer
Registered at the Post Office
as a Newspaper

Vol. 254

PRETORIA, 29 AUGUSTUS 1986

No. 10403

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 1770

29 Augustus 1986

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/1245)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

K. D. S. DURR,

Adjunk-minister van Finansies en van Handel en Nywerheid.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF FINANCE

No. R. 1770

29 August 1986

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/1245)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

K. D. S. DURR,

Deputy Minister of Finance and of Trade and Industry.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV	
		Algemeen	M.B.N.
53.04 Deur tariefpos No. 53.04 deur die volgende te vervang: “53.04 Afval van skaap- of lamwol of van ander dierehaar (fyn of grof), uitgepluis of uitgerafel (met inbegrip van uitgepluisde of uitgerafelde lappe)	kg	vry”	

Opmerking.—Tariefpos No. 53.04 word herskryf om oorskakeling na die Geharmonieerde Stelsel te vergemaklik.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III IV	
		General	M.F.N.
53.04 By the substitution for tariff heading No. 53.04 of the following: “53.04 Waste of sheep's or lambs' wool or of other animal hair (fine or coarse), pulled or garnetted (including pulled or garnetted rags)	kg	free”	

Note.—Tariff heading No. 53.04 is restated to facilitate the change-over to the Harmonized System.

2 No. 10403

STAATSKOERANT, 29 AUGUSTUS 1986

No. R. 1771	29 Augustus 1986	No. R. 1771	29 August 1986
DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964		CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964	
WYSIGING VAN BYLAE 3 (No. 3/876)		AMENDMENT OF SCHEDULE 3 (No. 3/876)	
Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 3 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.		Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.	
K. D. S. DURR, Adjunk-minister van Finansies en van Handel en Nywerheid.		K. D. S. DURR, Deputy Minister of Finance and of Trade and Industry.	

BYLAE

I Korting-item	II			III Mate van Korting
	Tarief-pos	Korting-kode	Beskrywing	
311.02			Deur tariefpos No. 53.04 te skrap.	

Opmerking.—Hierdie wysiging spruit uit die wysiging van tariefpos No. 53.04 van Bylae No. 1.

SCHEDEULE

I Rebate Item	II			III Extent of Rebate
	Tariff Heading	Rebate Code	Description	
311.02			By the deletion of tariff heading No. 53.04.	

Note.—This amendment is consequential to the amendment of tariff heading No. 53.04 of Schedule No. 1.

No. R. 1794	29 Augustus 1986	No. R. 1794	29 August 1986
DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964		CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964	
WYSIGING VAN REËLS (No. DAR/53)		AMENDMENT OF RULES (No. DAR/53)	
Kragtens artikel 6 (1) (i) van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word die opmerking by paragraaf 4 van die Bylae by die reëls gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1771 van 5 Oktober 1973 vervang deur:		Under section 6 (1) (i) of the Customs and Excise Act, 1964, the note to paragraph 4 of the Schedule to the rules published in Government Notice R. 1771 of 5 October 1973 is substituted by:	
<i>"Opmerking.</i> —Van vliegtuigloodse wat klaring verlang by bogemelde lughawens (uitgesonderd Jan Smutslughawe, en ten opsigte van geskeuleerde internasionale vlugte te D. F. Malan-, Louis Botha- en J. G. Strijdomlughawe) waar daar geen resident-doeane- en aksynsbeamptes gestasioneer is nie, word vereis dat minstens 12 uur kennis van die tyd en datum van hulle aankoms of vertrek aan die doeane- en aksynskantoor by genoemde plekke gegee word, sodat reëlings vir die diens van die nodige beamptes getref kan word.”.		<i>"Note.</i> —Aircraft pilots requiring clearance at the above-mentioned airports (except at Jan Smuts Airport, and in respect of scheduled international flights at D. F. Malan, Louis Botha and J. G. Strijdom Airports) at which no resident customs and excise officers are stationed, are required to give at least twelve hours' notice of the time and date of their arrival or departure to the customs and excise office at the places mentioned, in order that arrangements may be made for the attendance of the necessary officers.”.	
D. J. COLESKY, Kommissaris van Doeane en Aksyns.		D. J. COLESKY, Commissioner for Customs and Excise.	
<i>Opmerking.</i> —Die uitwerking van hierdie wysiging is dat daar nou ook voorsiening gemaak word vir 'n etmaaldiens vir die ondersoek van passasiers en hul bagasie op geskeuleerde internasionale vlugte te D. F. Malan-, Louis Botha- en J. G. Strijdomlughawe.		<i>Note.</i> —The effect of this amendment is that provision is also made for a twenty-four hour service for the examination of passengers and their baggage on scheduled international flights at D. F. Malan, Louis Botha and J. G. Strijdom Airports.	
No. R. 1795	29 Augustus 1986	No. R. 1795	29 August 1986
DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964		CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964	
WYSIGING VAN REGULASIES (No. MR/69)		AMENDMENT OF REGULATIONS (No. MR/69)	
Kragtens artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1770 van 5 Oktober 1973 gewysig in die mate in die Bylae hiermee aangetoon.		Under section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, the regulations published in Government Notice R. 1770 of 5 October 1973 are amended to the extent set out in the Schedule hereto.	
K. D. S. DURR, Adjunk-minister van Finansies en van Handel en Nywerheid.		K. D. S. DURR, Deputy Minister of Finance and of Trade and Industry.	

BYLAE

1. Deur paragrawe 108.02.16 en 108.02.18 in die Eerste Bylæ deur die volgende te vervang:

"108.02.16 D. F. Malanlughawe	(a) Vir die aanname van klaringsbrieke (uitgesonderd klaringsbrieke vir uitvoer en vorm DA 14) en vir die ontvang van regte en ander inkomste (b) Vir die aanname van klaringsbrieke vir uitvoer en vorm DA 14 (c) Vir die ondersoek van passasiers en hul bagasie op geskeduleerde internasionale vlugte (d) Vir ander sake	Maandag tot Vrydag: 08h00 tot 12h30 en 13h30 tot 15h00 Maandag tot Vrydag: 08h00 tot 12h30 en 13h30 tot 16h30 Etmaaldiens
108.02.18 Louis Bothalughawe	(a) Vir die aanname van klaringsbrieke (uitgesonderd klaringsbrieke vir uitvoer en vorm DA 14) en vir die ontvang van regte en ander inkomste (b) Vir die aanname van klaringsbrieke vir uitvoer en vorm DA 14 (c) Vir die ondersoek van passasiers en hul bagasie op geskeduleerde internasionale vlugte (d) Vir ander sake	Maandag tot Vrydag: 08h00 tot 12h45 en 13h30 tot 16h30 Maandag tot Vrydag: 07h30 tot 12h00 en 13h00 tot 14h30 Maandag tot Vrydag: 07h30 tot 12h00 en 13h00 tot 16h00 Etmaaldiens

2. Deur na paragraaf 108.02.19 in die Eerste Bylæ die volgende in te voeg:

"108.02.20 J. G. Strijdomlughawe	Vir die ondersoek van passasiers en hul bagasie op geskeduleerde internasionale vlugte	Etmaaldiens"
----------------------------------	--	--------------

3. Deur Opmerking 1 in die Eerste Bylæ onder die opskef Doeane- en Aksynslughawens deur die volgende te vervang:

"1. Aandag word gevestig op die bepalings van paragraaf 4 van die Bylæ by die reëls waarvolgens vliegtuigloodse wat klaring verlang by doeane- en aksynslughawens (uitgesonderd Jan Smutslughawe, en ten opsigte van geskeduleerde internasionale vlugte te D. F. Malan-, Louis Botha- en J. G. Strijdomlughawe) minstens twaalf uur kennis moet gee van die tyd en datum van hul aankoms of vertrek, sodat reëlings vir die diens van die nodige beampetes getref kan word."

Opmerking.—Die uitwerking van hierdie wysiging is dat daar nou voorsiening gemaak word vir 'n etmaaldiens vir die ondersoek van passasiers en hul bagasie op geskeduleerde internasionale vlugte te D. F. Malan-, Louis Botha- en J. G. Strijdomlughawe.

SCHEDULE

1. By the substitution for paragraphs 108.02.16 and 108.02.18 in the First Schedule of the following:

"108.02.16 D. F. Malan Airport	(a) For the acceptance of bills of entry (except bills of entry for export and form DA 14) and for the receipt of duties and other revenue (b) For the acceptance of bills of entry for export and form DA 14 (c) For the examination of passengers and their baggage on scheduled international flights (d) For other business	Monday to Friday: 08h00 to 12h30 and 13h30 to 15h00 Monday to Friday: 08h00 to 12h30 and 13h30 to 16h30 Twenty-four hour service
108.02.18 Louis Botha Airport	(a) For the acceptance of bills of entry (except bills of entry for export and form DA 14) and for the receipt of duties and other revenue (b) For the acceptance of bills of entry for export and form DA 14 (c) For the examination of passengers and their baggage on scheduled international flights (d) For other business	Monday to Friday: 07h30 to 12h00 and 13h00 to 14h30 Monday to Friday: 07h30 to 12h00 and 13h00 to 16h00 Twenty-four hour service

2. By the insertion after paragraph 108.02.19 in the First Schedule of the following:

"108.02.20 J. G. Strijdom Airport	For the examination of passengers and their baggage on scheduled international flights	Twenty-four hour service"
-----------------------------------	--	---------------------------

3. By the substitution for Note 1 in the First Schedule under the heading Customs and Excise Airports of the following:

"1. Attention is drawn to the provisions of paragraph 4 of the Schedule to the rules in terms of which aircraft pilots requiring clearance at customs and excise airports (except at Jan Smuts Airport, and in respect of scheduled international flights at D. F. Malan, Louis Botha and J. G. Strijdom Airports) must give at least twelve hours' notice of the time and date of their arrival or departure in order that arrangements may be made for the attendance of the necessary officers."

Note.—The effect of this amendment is that provision is now made for a twenty-four hour service for the examination of passengers and their baggage on scheduled international flights at D. F. Malan, Louis Botha and J. G. Strijdom Airports.

No. R. 1796 WET OP STREEKSDIENSTERADE, 1985 (WET 109 VAN 1985)	29 Augustus 1986	No. R. 1796 REGIONAL SERVICES COUNCILS ACT, 1985 (ACT 109 OF 1985)	29 August 1986
BEREKENING EN BETALING VAN STREEKS-DIENSTEHEFFING EN STREEKSVESTIGINGSHEFFING		CALCULATION AND PAYMENT OF REGIONAL SERVICES LEVY AND REGIONAL ESTABLISHMENT LEVY	
Kragtens artikel 12 (1) (b) van die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet 109 van 1985), bepaal ek, Barend Jacobus du Plessis, Minister van Finansies, hierby dat die streeksdiensteheffing en die streeksvestigingsheffing bereken en betaal word op die wyse in die Bylæ uiteengesit. B. J. DU PLESSIS, Minister van Finansies.		Under section 12 (1) (b) of the Regional Services Councils Act, 1985 (Act 109 of 1985), I, Barend Jacobus du Plessis, Minister of Finance, hereby determine that the regional services levy and the regional establishment levy shall be calculated and paid in the manner set out in the Schedule. B. J. DU PLESSIS, Minister of Finance.	

BYLAE	SCHEDULE
<p>Indeling van paragrawe</p> <p>DEEL I</p> <p>1. Woordbepaling</p> <p>DEEL II</p> <p>2. Vrystellings van die streeksdiensteheffing</p> <p>3. Werknemer binne die streek geëmplojeer</p> <p>DEEL III</p> <p>4. Heffing van streeksvestigingsheffing</p> <p>5. Hefbare waardes</p> <p>6. Vrystellings van die streeksvestigingsheffing</p> <p>7. Onderneming binne die streek gedryf</p> <p>DEEL IV</p> <p>8. Vrystelling van klein bedrae</p> <p>9. Betaaling van streeksdiensteheffing en streeksvestigingsheffing</p> <p>10. Boete op laat betaling</p> <p>11. Registrasie</p> <p>12. Aanslae</p> <p>13. Terugbetaalings</p> <p>14. Reëlings om probleme of ongerymdhede te bowe te kom</p> <p>15. Magte van raad en Kommissaris</p> <p>16. Besware</p> <p>17. Appelle</p> <p>DEEL I</p> <p>Woordbepaling</p> <p>1. In hierdie bylae, tensy uit die samehang anders blyk, het enige woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet 109 van 1985), 'n betekenis toegeskryf is, die betekenis aldus daaraan toegeskryf, en beteken—</p> <p>“aanvangsdatum” 19.....;</p> <p>“finansiële bate” 'n handelseffekte, wissel, valuta of ander papier wat 'n finansiële onderneming normaalweg koop en verkoop of andersins handel mee dryf;</p> <p>“finansiële onderneming” 'n bankinstelling, bouvereniging, effektetrust, langtermyn- of korttermyn-versekeraar, pensioenfonds, voorsorgsfonds, uittreding-annuiteitsfonds, bystands fonds, mediese bystands fonds, finansier, koopvereniging of dergelyke instelling, of 'n onderneming in die loop waarvan daar met finansiële bates handel gedryf word of 'n maatskappy wat as belegger van geld besigheid dryf;</p> <p>“goed” ligaamlike roerende goed, met inbegrip van 'n aandeel in die eiendomsreg op enige bedoelde goed, maar uitgesonderd 'n finansiële bate;</p> <p>“hefbare transaksie”—</p> <p>(a) in die geval van 'n onderneming binne die streek gedryf in die loop waarvan—</p> <p>(i) goed normaalweg verkoop word, 'n verkoop van goed ingevolge 'n ooreenkoms wat in die gewone loop van die onderneming gesluit is;</p> <p>(ii) vaste eiendom normaalweg verkoop word, 'n verkoop van vaste eiendom binne die streek geleë ingevolge 'n ooreenkoms wat in die gewone loop van die onderneming gesluit is;</p> <p>(iii) goed normaalweg verhuur word, die verhuring van enige goed, maar nie, in die geval van 'n finansiële onderneming, die verhuring van goed ingevolge 'n huurtransaksie soos in artikel 1 van die Wet op Kredietooreenkoms, 1980 (Wet 75 van 1980), omskryf nie;</p> <p>(iv) vaste eiendom normaalweg verhuur word, die verhuring van enige vaste eiendom binne die streek geleë;</p>	<p>Arrangement of paragraphs</p> <p>PART I</p> <p>1. Definitions</p> <p>PART II</p> <p>2. Exemptions from the regional services levy</p> <p>3. Employee employed within the region</p> <p>PART III</p> <p>4. Levy of regional establishment levy</p> <p>5. Leviable values</p> <p>6. Exemptions from the regional establishment levy</p> <p>7. Enterprise carried on within region</p> <p>PART IV</p> <p>8. Exemption of small amounts</p> <p>9. Payment of regional establishment levy and regional services levy</p> <p>10. Penalty on late payment</p> <p>11. Registration</p> <p>12. Assessments</p> <p>13. Refunds</p> <p>14. Arrangements to overcome difficulties or anomalies</p> <p>15. Powers of council and Commissioner</p> <p>16. Objections</p> <p>17. Appeals</p> <p>PART I</p> <p>Definitions</p> <p>1. In this Schedule, unless the context otherwise indicates, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Regional Services Councils Act, 1985 (Act 109 of 1985), bears the meaning so assigned thereto, and—</p> <p>“accommodation enterprise” means any enterprise in the course of which accommodation or lodging is regularly or systematically supplied on a temporary or permanent basis, whether with or without meals, to members of the general public;</p> <p>“Act” means the Regional Services Councils Act, 1985 (Act 109 of 1985), including any regulation made under that Act and any determination made under that Act by the Minister of Finance by notice in the Gazette;</p> <p>“commencement date” means 19.....;</p> <p>“Commissioner” means the Commissioner for Inland Revenue or any officer acting under his control, direction or supervision;</p> <p>“consideration”, in relation to any leviable transaction, means the whole or any portion of—</p> <p>(a) in the case of any sale of goods or fixed property, the selling price payable in respect thereof;</p> <p>(b) in the case of the letting of any goods or fixed property, the rental payable in respect thereof;</p> <p>(c) in the case of the rendering of any service, the price, fee or other amount payable in respect thereof;</p> <p>(d) in the case of any leviable transaction concluded in the carrying on of a financial enterprise—</p> <p>(i) the gross amounts of interest or finance charges receivable in respect of any loan, advance or credit granted: Provided that where any such loan, advance or credit is repayable together with interest or finance charges by way of periodic instalments and a separate determination of such interest or finance charges is not made in respect of each such instalment, each such instalment shall be deemed to include an equal portion of the total interest or finance charges payable;</p> <p>(ii) the gross amounts of interest or dividends receivable on any funds invested;</p>

<p>(v) enige nywerheids-, handels-, konstruksie-, professionele of ander diens gelewer word, so'n diens gelewer; en</p> <p>(b) in die geval van 'n finansiële onderneming binne die streek gedryf—</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) die toestaan van 'n lening, voorskot of krediet, met inbegrip van die toestaan van krediet ingevolge 'n kredietooreenkoms soos in artikel 1 van die Wet op Kredietooreenkoms, 1980 (Wet 75 van 1980), omskryf; (ii) die belegging van fondse deur bedoelde onderneming; (iii) die verhuring van goed of vaste eiendom; (iv) die lewering van 'n bank-, beleggings- of ander finansiële diens; en (v) die koop, verkoop of verdiskontering van of andersins handel dryf met finansiële bates, hetsy die ooreenkoms vir bedoelde transaksie voor, op of na die aanvangsdatum gesluit is; <p>“heffingspligtige” iemand wat aanspreeklik is vir die betaling van die streeksdiensteheffing of die streeksvestigingsheffing;</p> <p>“huisvestigsonderneming” 'n onderneming in die loop waarvan huisvesting of verblyf gereeld of stelselmatig op 'n tydelike of permanente basis, met of sonder etes, aan lede van die algemene publiek verskaf word;</p> <p>“Kommissaris” die Kommissaris van Binnelandse Inkomste of 'n beampie wat onder sy beheer, leiding of toesig optree;</p> <p>“maand” enigeen van die twaalf dele waarin 'n kalenderjaar ingedeel is;</p> <p>“Staat” die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, 'n provinsiale administrasie, 'n instelling of liggaam beoog in artikel 84 (1) (f) van die Wet op Provinciale Bestuur, 1961 (Wet 32 van 1961), 'n streeksdiensteraad en enige liggaam by of ingevolge 'n wet ingestel wat geheel of hoofsaaklik deur toekennings uit die Staatsinkomstefonds gefinansier word;</p> <p>“Staatsafdeling” 'n departement, administrasie, owerheid, tak, raad, liggaam of ander afdeling van die Staat;</p> <p>“vaste eiendom” ook 'n aandeel in die eiendomsreg op vaste eiendom;</p> <p>“vergoeding”, met betrekking tot 'n hefbare transaksie, die geheel of 'n gedeelte van—</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) in die geval van 'n verkoop van goed of vaste eiendom, die verkoopprys ten opsigte daarvan betaalbaar; (b) in die geval van die verhuring van goed of vaste eiendom, die huurgeld ten opsigte daarvan betaalbaar; (c) in die geval van die lewering van 'n diens, die prys, fooi of ander bedrag ten opsigte daarvan betaalbaar; (d) in die geval van 'n hefbare transaksie gesluit in die bedryf van 'n finansiële onderneming— <p style="margin-left: 20px;">(i) die bruto bedrae aan rente of finansieringskoste ontvangbaar ten opsigte van 'n lening, voorskot of krediet toegestaan: Met dien verstande dat waar so 'n lening, voorskot of krediet tesame met rente of finansieringskoste by wyse van periodieke afbetalings terugbetaalbaar is en 'n afsonderlike bepaling van rente of finansieringskoste nie ten opsigte van elke bedoelde afbetaling gemaak word nie, elke bedoelde afbetaling geag word 'n gelyke deel van die totale rente of finansieringskoste betaalbaar in te sluit;</p>	<p>(iii) the gross amounts of rental receivable in respect of the letting of goods or fixed property, but excluding any rental payable under a leasing transaction as defined in section 1 of the Credit Agreements Act, 1980;</p> <p>(iv) the gross amounts receivable by way of commission, fees, charges and other amounts payable in respect of any service rendered as contemplated in paragraph (b) (iv) of the definition of “leviable transaction”; and</p> <p>(v) the gross profit, as determined in accordance with generally accepted accounting practice, derived from trading in financial assets as contemplated in paragraph (b) (v) of the said definition,</p> <p>including, in the case of any consideration contemplated in paragraphs (a), (b) or (c), any interest or finance charge payable to the seller or lessor of such goods or fixed property or the person rendering such service, as the case may be, in respect of such consideration, but excluding any amount received by or accrued to an agent on behalf of his principal;</p> <p>“financial asset” means any marketable security, bill of exchange, currency or other paper ordinarily purchased and sold or otherwise traded with by a financial enterprise;</p> <p>“financial enterprise” means any banking institution, building society, unit trust, long-term insurer, short-term insurer, pension fund, provident fund, retirement annuity fund, benefit fund, medical benefit fund, financier, buying association or similar institution, or any enterprise in the course of which financial assets are traded with, or any company which carries on business as an investor of money;</p> <p>“fixed property” includes any share in the rights of ownership of fixed property;</p> <p>“goods” means corporeal movable things, including any share in the rights of ownership of any such thing, but excluding any financial asset;</p> <p>“leviable transaction” means—</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) in the case of an enterprise carried on within the region in the course of which— <ul style="list-style-type: none"> (i) goods are normally sold, any sale of goods under an agreement of sale concluded in the ordinary course of such enterprise; (ii) fixed property is normally sold, any sale of fixed property situated within the region under an agreement concluded in the ordinary course of the enterprise; (iii) goods are normally let, the letting of any goods, but excluding, in the case of any financial enterprise, the letting of any goods under a leasing agreement as defined in section 1 of the Credit Agreements Act, 1980 (Act 75 of 1980); (iv) fixed property is normally let, the letting of any fixed property situated within the region; (v) any industrial, commercial, construction, professional or other service is rendered, any such service rendered; and (b) in the case of a financial enterprise carried on within the region— <ul style="list-style-type: none"> (i) the granting of any loan, advance or credit, including the granting of credit under a credit agreement as defined in section 1 of the Credit Agreements Act, 1980; (ii) the investment of funds by such enterprise;
--	--

- (ii) die bruto bedrae aan rente of dividende ontvangbaar op enige fondse belê;
- (iii) die bruto bedrae aan huurgeld ontvangbaar ten opsigte van die verhuring van goed of vaste eiendom, maar met uitsluiting van enige huurgeld betaalbaar ingevolge 'n huurtransaksie soos in artikel 1 van die Wet op Kredietooreenkomste, 1980, omskryf;
- (iv) die bruto bedrae ontvangbaar by wyse van kommissie, fooie, vorderings en ander bedrae betaalbaar ten opsigte van 'n diens gelewer soos in paragraaf (b) (iv) van die omskrywing van "hefbare transaksie" beoog; en
- (v) die bruto wins, soos ooreenkomsdig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk vasgestel, verkry uit die dryf van handel met finansiële bates soos in paragraaf (b) (v) van genoemde omskrywing beoog,

en ook, in die geval van enige vergoeding in paragrafe (a), (b) of (c) bedoel, enige rente of finansieringskoste betaalbaar aan die verkoper of verhuurder van bedoelde goed of vaste eiendom of die persoon wat bedoelde diens lewer, na gelang van die geval, ten opsigte van bedoelde vergoeding, maar nie 'n bedrag ontvang deur of toegeval aan 'n agent ten behoeve van sy prinsipaal nie;

"verkoop" 'n ooreenkoms waarvolgens eiendsomsreg van goed of vaste eiendom vanaf een persoon na 'n ander oorgaan, en ook 'n ooreenkoms waarvolgens besit van goed of vaste eiendom vanaf een Staatsafdeling op 'n ander oorgaan, maar nie, in die geval van iemand wat 'n finansiële onderneming bedryf, die oorgaan vanaf hom van eiendsomsreg van enige goed wat deur hom verkry is met die doel om ten opsigte van bedoelde goed 'n kredietooreenkoms aan te gaan soos in artikel 1 van die Wet op Kredietooreenkomste, 1980, omskryf nie;

"Wet" die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet 109 van 1985), ook enige regulasie kragtens daardie Wet uitgevaardig en enige bepaling kragtens daardie Wet deur die Minister van Finansies by kennisgewing in die Staatskoerant aangekondig.

DEEL II

Vrystellings van die streeksdiensteheffing

2. Van die streeksdiensteheffing word vrygestel—
 - (a) besoldiging betaalbaar aan 'n private of huisbediende;
 - (b) besoldiging betaalbaar deur 'n godsdienstige of liefdadighedsinrigting van 'n openbare aard;
 - (c) soveel van die trekkings wat met betrekking tot 'n persoon wat 'n onderneming bedryf soos in paragraaf (b) van die omskrywing van "streeksdiensteheffing" in artikel 1 van die Wet beoog, ten opsigte van 'n boekjaar van bedoelde persoon vasgestel is (soos na die einde van bedoelde boekjaar vasgestel) as wat meer is as die opgehopte winste van die onderneming of, waar bedoelde persoon die onderneming in vennootskap bedryf, sy deel van bedoelde winste, hetsoe bedoelde winste in die lopende of 'n vorige boekjaar verdien is.

Werknemer binne die streek in diens

3. 'n Werknemer word geag binne die streek in diens te wees indien—
 - (a) hy in 'n onderneming in diens is wat ingevolge paragraaf 7 geag word binne die streek bedryf te wees of, indien hy in 'n onderneming in diens is wat ingevolge daardie paragraaf geag word gedeeltelik binne die streek bedryf te wees, hy geheel in daardie deel van die onderneming in diens is wat binne die streek bedryf word; of

- (iii) the letting of goods or fixed property;
- (iv) the rendering of any banking, investment or other financial service; and
- (v) the purchase, sale or discounting of or otherwise dealing in financial assets,

whether the agreement for such transaction is concluded before, on or after the commencement date;

"month" means any one of the 12 portions into which the calendar year is divided;

"sale" means any agreement in terms of which ownership of goods or fixed property passes from one person to another, including any agreement whereunder possession of goods or fixed property passes from one State division to another, but does not include, in the case of any taxpayer carrying on a financial enterprise, the passing from him of ownership any goods acquired by him for the purpose of entering into in respect of such goods any credit agreement as defined in section 1 of the Credit Agreements Act, 1980 (Act 75 of 1980);

"State" means the government of the Republic of South Africa, any provincial administration, any institution or body referred to in section 84 (1) (f) of the Provincial Government Act, 1961 (Act 32 of 1961), any regional services council and any body established by or under any law which is financed wholly or mainly by way of grants from the State Revenue Fund;

"State division" means any department, administration, authority, branch, board, body or other division of the State;

"taxpayer" means any person who is liable for the payment of the regional establishment levy or the regional services levy.

PART II

Exemption from the regional services levy

2. There shall be exempt from the regional services levy—

- (a) remuneration payable to any private or domestic servant;
- (b) remuneration payable by any religious or charitable institution of a public character;
- (c) so much of the drawings determined in relation to a person carrying on an enterprise as contemplated in paragraph (b) of the definition of "regional services levy" in section 1 of the Act in respect of any financial year of such person (as determined after the end of such financial year) as exceeds the accumulated profits of the enterprise or, where such person carries on the enterprise in partnership, his share of such profits, whether such profits were earned in the current or any previous financial year.

Employee employed within region

3. An employee shall be deemed to be employed within the region if—

- (a) he is employed in an enterprise which is in terms of paragraph 7 deemed to be carried on within the region or, if he is employed in an enterprise which is in terms of that paragraph deemed to be partly carried on within the region, he is employed wholly in that part of the enterprise which is deemed to be carried on within the region; or

(b) in enige ander geval—

- (i) sy diens geheel of hoofsaaklik by 'n vaste standplaas binne die streek gelewer word; of
- (ii) waar sy diens geheel of hoofsaaklik gelewer word terwyl hy reis of by verskeie standplose waartussen hy reis, hy vanuit 'n basis werk wat binne die streek geleë is.

DEEL III

Heffing van streeksvestigingsheffing

4. Behoudens die bepalings van paragrawe 6 en 8, word die streeksvestigingsheffing bereken en betaal op die hefbare waarde ingevolge paragraaf 5 ten opsigte van 'n maand met betrekking tot 'n hefbare transaksie vasgestel.

Hefbare waardes

5. (1) By die toepassing van hierdie Bylae is die hefbare waarde met betrekking tot 'n hefbare transaksie ten opsigte van 'n maand die som van—

- (a) alle bedrae aan vergoeding wat gedurende die maand deur die heffingpligtige ontvang is of aan hom toegeval het, of, volgens die keuse van die heffingpligtige wat skriftelik aan die raad meegedeel word, alle bedoelde bedrae wat gedurende die maand werkelik deur hom ontvang is, ten opsigte van bedoelde hefbare transaksie; en
- (b) enige bedrag wat gedurende die lopende of 'n vorige maand toegelaat is om ingevolge item (i) of (ii) afgetrek te word, wat gedurende die lopende maand deur die heffingpligtige verhaal of vergoed is,

min die som van—

(i) enige bedrag wat gedurende die lopende of 'n vorige maand ingesluit is in die hefbare waarde wat met betrekking tot die belastingpligtige se onderneeming vasgestel is en wat gedurende die lopende maand terugbetaalbaar geword het deur, of nie meer betaalbaar is nie aan, die heffingpligtige—

(aa) as gevolg van die opseggeling of beëindiging van die hefbare transaksie ten opsigte waarvan bedoelde hefbare waarde vasgestel is; of

(bb) by wyse van 'n vermindering van die vergoeding betaalbaar ten opsigte van goed of vaste eiendom wat verkoop of verhuur is of 'n diens wat gelewer is, en

(ii) enige skuld aan die heffingpligtige verskuldig wat in die lopende of 'n vorige maand ingesluit is by die hefbare waarde vasgestel met betrekking tot sy onderneeming en wat gedurende die lopende maand oninbaar geword het en afgeskryf is; en

(iii) in die geval van 'n belastingpligtige wat 'n finansiële onderneming bedryf, enige bruto verlies (soos ooreenkomsdig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk vasgestel) gedurende die maand deur hom gely uit die dryf van handel met finansiële bates.

(2) Waar, ten opsigte van 'n maand, die som van die bedrae wat ingevolge items (i), (ii) en (iii) afgetrek mag word meer is as die bedrae in items (a) en (b) van daardie subparagraaf bedoel, word die oorskot vorentoe gedra en geag 'n bedrag te wees wat ingevolge genoemde items (i), (ii) en (iii) in die volgende daaropvolgende maand afgetrek mag word.

(b) in any other case—

- (i) his employment is exercised wholly or mainly at a fixed locality situated within the region; or
- (ii) where his employment is exercised wholly or mainly while travelling or at several localities between which he travels, he operates from a base situated within the region.

PART III

Levy of regional establishment levy

4. Subject to the provisions of paragraphs 6 and 8, the regional establishment levy shall be calculated on the leivable value determined under paragraph 5 in respect of any month in relation to any leivable transaction.

Leivable values

5. (1) For the purposes of this Schedule, the leivable value in relation to any leivable transaction in respect of any month shall be the sum of—

- (a) all amounts of consideration received by or accrued to the taxpayer during the month, or, at the option of the taxpayer which shall be notified to the council in writing, all such amounts actually received by him during the month, in respect of such leivable transaction; and
- (b) any amount allowed to be deducted during the current or any previous month under item (i) or (ii) which has during the current month been recovered or recouped by the taxpayer,

less the sum of—

(i) any amount which was during the current or any previous month included in the leivable value determined in relation to the taxpayer's enterprise and which has during the current month become repayable by, or no longer payable to, the taxpayer—

(aa) in consequence of the cancellation or termination of the leivable transaction in respect of which such leivable value was determined; or

(bb) by way of a reduction of the consideration payable in respect of goods or fixed property sold or let or any service rendered;

(ii) any debt due to the taxpayer which was during the current or any previous month included in the leivable value determined in relation to the taxpayer's enterprise and which has during the current month become irrecoverable and has been written off; and

(iii) in the case of any taxpayer carrying on a financial enterprise, any gross loss (as determined in accordance with generally accepted accounting practice) suffered by him during the month in trading with any financial asset.

(2) Where, in respect of any month, the sum of the amounts which may be deducted under items (i), (ii) and (iii) of subparagraph (1) exceeds the sum of the amounts referred to in items (a) and (b) of that subparagraph, the excess shall be carried forward and be deemed to be an amount which may be deducted under the said items (i), (ii) and (iii) in the next succeeding month.

(3) Waar die vergoeding betaalbaar ten opsigte van 'n hefbare transaksie enige verkoopbelasting insluit wat ingevolge die Verkoopbelastingwet, 1978 (Wet 103 van 1978), betaalbaar is, word die hefbare waarde van bedoelde hefbare transaksie vasgestel ooreenkomsdig die formule

$$L = C - \left(\frac{r}{100 + r} \times C \right)$$

in welke formule "L" die hefbare waarde is wat vasgestel staan te word, "C" bedoelde vergoeding is en "r" die skaal is, uitgedruk as 'n persentasie, waarteen bedoelde verkoopbelasting bereken is.

(4) Waar 'n heffingspligtige die raad oortuig dat, vanweë die aard van die onderneming wat deur hom bedryf word, die vasstelling van die hefbare waarde met betrekking tot bedoelde onderneming ten opsigte van 'n maand nie geriflik binne die ingevolge paragraaf 10 voorgeskrewe tydperk vir betaling van die streeksvestigingsheffing gedoen kan word nie, kan die raad, onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag ople, instem om die vasstelling van bedoelde hefbare waarde ten opsigte van 'n vroeër maand in die plek van eersgenoemde vasstelling te aanvaar.

Vrystellings van die streeksvestigingsheffing

6. Van die streeksvestigingsheffing word vrygestel—

- (a) 'n intekengeld of skenking ontvang deur of toegeval aan 'n amateursportklub of 'n organisasie sonder winsbejag wat ingestel is om persone met gemeenskaplike belang te verteenwoordig en waarvan die fondse geheel of hoofsaaklik uit intekengelde of skenkings van lede of skenkings van die groot publiek;
- (b) vergoeding ontvang deur of toegeval aan 'n organisasie sonder winsoogmerk waarvan die enigste of ver naamste oogmerk is om aan natuurbewarings- of dierebeskermingsbedrywighede deel te neem of dit te bevorder;
- (c) soveel van 'n bedrag ontvang deur of toegeval aan 'n beheerraad soos omskryf in artikel 1 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), uit die verkoop van 'n produk te opsigte waarvan bedoelde beheerraad kragtens die bepalings van daardie Wet ingestel is of geag word ingestel te wees, as wat die koste vir bedoelde beheerraad van bedoelde produk nie te boewe gaan nie;
- (d) vergoeding ontvang deur of toegeval aan 'n Staatsafdeling vanaf 'n ander Staatsafdeling, indien bedoelde eersgenoemde Staatsafdeling ingestel is geheel of gedeeltelik met die doel om aan 'n ander Staatsafdeling goed te verskaf of dienste te lever;
- (e) vergoeding ontvang deur of toegeval aan 'n Staatsafdeling of behuisingsnusmaatskappy uit die verhuring of verkoop van 'n woonerf of behuisung wat sonder winsoogmerk deur hom verhuur of verkoop is;
- (f) enige huurgeld deur 'n werkgewer verkry uit die verhuring van huisvesting aan sy werknemer, indien bedoelde huisvesting sonder winsbejag aan bedoelde werknemer verhuur is;
- (g) vergoeding wat deur die belastingpligtige ontvang is of aan hom toegeval het of, waar die belastingpligtige 'n keuse uitgeoefen het soos in paragraaf (5) (1) (a) bedoel, wat werklik deur hom ontvang is, nie later nie as ses maande na die aanvangsdatum ingevolge 'n ooreenkoms wat voor die aanvangsdatum formeel en finaal deur hom aangegaan is.

(3) Where the consideration payable in respect of any leviable transaction includes any sales tax chargeable under the Sales Tax Act, 1978 (Act 103 of 1978), the leviable value of such leviable transaction shall be determined in accordance with the formula

$$L = C - \left(\frac{r}{100 + r} \times C \right)$$

in which formula "L" is the leviable value to be determined, "C" is the said consideration and "r" is the rate, expressed as a percentage, at which such sales tax was calculated.

(4) Where any taxpayer satisfies the council that, by reason of the nature of the enterprise carried on by him, the determination of the leviable value in relation to such enterprise in respect of any month cannot conveniently be completed within the period for payment of the regional establishment levy prescribed under paragraph 10, the council may, subject to such conditions as it may impose, agree to accept the determination of such leviable value in respect of any preceding month in lieu of such firstmentioned determination.

Exemptions from the regional establishment levy

6. There shall be exempt from the regional establishment levy—

- (a) any subscription or donation received by or accrued to an amateur sporting club or any non-profitmaking organisation established to represent persons with common interests;
- (b) consideration received by or accrued to any non-profitmaking organisation the sole or principal object of which is to engage in or promote nature conservation or animal protection activities;
- (c) so much of any amount received by or accrued to any control board as defined in section 1 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), from the sale of any product in respect of which such control board has under the provisions of that Act been established or deemed to be established, as does not exceed the cost to such control board of such produce;
- (d) consideration received by or accrued to a State division from any other State division, if such firstmentioned State division was established wholly or mainly for the purpose of supplying goods or rendering services to any other State division;
- (e) consideration received by or accrued to any State division or utility housing company from the letting or sale of any residential stand or housing let or sold by it on a non-profitmaking basis;
- (f) any rental derived by an employer from the letting of accommodation to his employee, if such accommodation is let to such employee on a non-profitmaking basis;
- (g) any consideration received by or accrued to the taxpayer or, where the taxpayer has exercised an option contemplated in paragraph 5 (1) (a), which has been actually received by him, not later than six months after the commencement date in terms of an agreement which was formally and finally concluded by him before the commencement date.

Onderneming binne die streek bedryf

7. (1) 'n Onderneming in die loop waaran konstruksiebedrywighede uitgevoer word, word geag binne die streek bedryf te wees indien—

- (a) die konstruksie, oprigting, installasie, verandering of herstel van 'n pad, spoorlyn, piplyn of spanningsleiding binne die streek plaasvind; of
- (b) 'n ander konstruksiebedrywigheid, met inbegrip van die installasie, oprigting verandering of herstel van 'n gebou of installasie of van enige masjinerie, installasie, toerusting of artikel wat 'n integrerende deel van 'n gebou of installasie uitmaak, vanuit 'n basis binne die streek uitgevoer word: Met dien verstande dat so 'n bedrywigheid geag word vanuit 'n basis binne die streek uitgevoer te wees indien 'n terreinkantoor of dergelyke plek binne die streek ingestel is met die doel om geheel of gedeeltelik oor die bedryf van bedoelde bedrywigheid toesig te hou of dit te bestuur of beheer.

(2) 'n Onderneming in die loop waarvan goed verkoop word, word geag binne die streek bedryf te wees indien goed—

- (a) binne die streek deur die verkoper daarvan vervaardig of geproduseer is en deur hom verkoop is anders as in 'n winkel, stoer, pakhuis of dergelyke plek wat buite die streek geleë is waarin verkoopspersoneel en voorrade goed permanent gehou word;
- (b) verkoop word in 'n winkel, stoer, pakhuis of ander plek wat binne die streek geleë is waar die goed deur 'n koper besigtig mag word of aflewering daarvan deur hom geneem mag word; of
- (c) verkoop word deur middel van posbestelling, deurtot-deur of ander verkoopswyse wat bedryf word uit 'n basis wat binne die streek geleë is.

(3) 'n Onderneming [behalwe 'n onderneming in subparagrawe (1) en (2) bedoel] word geag binne die streek bedryf te wees indien in die geval van—

- (a) 'n onderneming in die loop waarvan vaste eiendom verkoop of verhuur word, enige bedoelde vaste eiendom binne die streek geleë is;
- (b) 'n onderneming in die loop waarvan goed verhuur word, bedoelde onderneming binne die streek bestuur of beheer word;
- (c) 'n onderneming in die loop waarvan dienste gelewer word, bedoelde onderneming binne die streek bestuur of beheer word;
- (d) 'n huisvestingsonderneming, huisvesting of etes binne die streek voorsien word; of
- (e) 'n finansiële onderneming, die besigheidsbedrywigheide van die onderneming binne die streek bestuur of beheer word.

(4) Waar 'n onderneming beide binne en buite die streek bedryf word—

<p>(ii) R5 indien hy 'n eiendomsagent is ingevolge paragraaf (c) (ii) van die woordomskrywing van "eiendomsagent".</p>	<p>(ii) R5 if he is an estate agent by virtue of paragraph (c) (ii) of the definition of "estate agent".</p>
<p>7. Enige verandering in die bedrag van die heffings en bydraes betaalbaar met betrekking tot enige jaar moet in die Staatskoerant gepubliseer word, nie later nie as 31 Augustus van die voorafgaande jaar.</p>	<p>7. Any change in the amount of the levies and contributions payable in respect of any year shall be published in the Gazette not later than 31 August of the preceding year.</p>
<p>8. Indien die raad oortuig is dat die betrokke applikant nie ingevolge artikel 27 van hierdie Wet gediskwalifiseer is nie en dat die aansoek in orde is, moet die raad 'n getrouheidsfondssertifikaat in die vorm van Aanhangsel A hiervan of 'n registrasiesertifikaat in die vorm van Aanhangsel B hiervan, na gelang van die geval, aan die applikant uitreik wat geldig is tot 31 Desember van die jaar waarop die aansoek betrekking het.</p>	<p>8. If the board is satisfied that the applicant concerned is not disqualified in terms of section 27 of this Act and that the application is in order, the board shall issue to the applicant a fidelity fund certificate in the form of Annexure A hereto or a registration certificate in the form of Annexure B hereto, as the case may be, which shall be valid until 31 December of the year to which the application relates.</p>
<p>9. (1) 'n Maatskappy of beslote korporasie wat as 'n eiendomsagent optree, word hierby vrygestel van die betaling van die heffing en die bydrae bedoel in regulasie 2, mits 'n getrouheidsfondssertifikaat aan elkeen van sy direkteure of lede bedoel in paragraaf (b) van die omskrywing van eiendomsagent in artikel 1 van hierdie Wet uitgereik is.</p>	<p>9. (1) Any company or close corporation operating as an estate agent is hereby exempted from the payment of the levy and the contribution referred to in regulation 2, provided a fidelity fund certificate has been issued to each of its directors, or members contemplated in paragraph (b) of the definition of estate agent in section 1 of this Act.</p>
<p>(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1), moet so 'n maatskappy of beslote korporasie in sy eie naam ingevolge hierdie regulasies aansoek doen om die uitreiking aan hom van 'n getrouheidsfondssertifikaat.</p>	<p>(2) Notwithstanding the provisions of subregulation (1), such company or close corporation shall in its own name apply in terms of these regulations for the issue to it of a fidelity fund certificate.</p>
<p>(3) 'n Getrouheidsfondssertifikaat bedoel in subregulasie (2) word gratis uitgereik en moet tot bevrediging van die raad op 'n opvallende plek op die perseel van die betrokke maatskappy of beslote korporasie ten toon gestel word.</p>	<p>(3) A fidelity fund certificate referred to in subregulation (2) shall be issued free of charge and shall to the satisfaction of the board be displayed in a prominent position on the premises of the company or close corporation concerned.</p>
<p>10. Die houer van 'n getrouheidsfondssertifikaat of registrasiesertifikaat moet die raad binne 14 dae verwittig van enige verandering in die inligting wat aan die raad verstrek is tydens aansoek om die uitreiking aan hom van sodanige sertifikaat en indien die inligting wat op die sertifikaat voorkom nie meer toepaslik is nie of verander het, moet sodanige sertifikaat onverwyld aan die raad gestuur word vir paslike wysiging daarvan of vir die uitreiking van 'n nuwe sertifikaat ter vervanging daarvan.</p>	<p>10. The holder of a fidelity fund certificate or a registration certificate shall inform the board within 14 days of any change in the information supplied to the board at the time of applying for the issue to him of such certificate and, if the information appearing on the certificate is no longer applicable or has changed, such certificate shall forthwith be forwarded to the board for appropriate amendment thereof or for the issue of a new certificate in substitution therefor.</p>
<p>11. Elke getrouheidsfondssertifikaat of registrasiesertifikaat wat kragtens hierdie regulasies uitgereik is, bly die eiendom van die raad.</p>	<p>11. Every fidelity fund certificate or registration certificate issued in terms of these regulations shall remain the property of the board.</p>

12. (1) Indien 'n getrouheidsfondssertifikaat uitgereik is aan 'n onafhanklike kontrakteur of enige persoon bedoel in paragraaf (c) (ii) van die omskrywing van "eiendomsagent" in artikel 1 van hierdie Wet, en so iemand ophou om in diens te wees van geassosieer te wees met die werkgever vermeld in sodanige sertifikaat, moet daardie werkgever daardie sertifikaat binne 14 dae nadat so iemand opgehou het om in sy diens te wees of om aldus geassosieer te wees aan die raad terugstuur, tesame met 'n brief waarin die raad verwittig word van sodanige feit en indien dié inligting bekend is, by wie die werknemer in diens staan te tree of met wie hy geassosieer staan te word.

(2) Die bepalings van subregulasie (1) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n registrasiesertifikaat uitgereik aan enige persoon bedoel in paragraaf (cA) van die omskrywing van "eiendomsagent" in artikel 1 van hierdie Wet.

(3) Indien die betrokke werkgever om die een of ander rede nie in staat is nie om die sertifikaat terug te stuur soos vereis deur subregulasie (1) of (2), na gelang van die geval, moet die werkgever binne 14 dae na beëindiging van diens of beëindiging van assosiasie die raad van daardie feit verwittig met verstrekking van die redes waarom hy nie in staat is om daardie sertifikaat terug te stuur nie, asook alle beskikbare inligting oor waar die betrokke werknemer of onafhanklike kontrakteur hom bevind.

13. 'n Skriftelike versoek aan die raad om die redes te verstrek waarom die raad geweier het om 'n getrouheidsfondssertifikaat of 'n registrasiesertifikaat uit te reik aan die persoon wat daardie versoek rig, moet vergesel gaan van 'n bedrag van R20.

14. Goewermentskennisgewings R. 956 van 24 Mei 1977, R. 989 van 1 Junie 1977, R. 1779 van 31 Augustus 1978, R. 605 van 23 Maart 1979, R. 2500 van 13 November 1981, R. 1787 van 20 Augustus 1982, R. 2071 van 23 September 1983 en 1935 van 30 Augustus 1985 word hierby herroep.

12. (1) If a fidelity fund certificate was issued to an independent contractor or any person referred to in paragraph (c) (ii) of the definition of "estate agent" in section 1 of this Act, and such person ceases to be employed by or associated with the employer mentioned in such certificate that employer shall, within 14 days of such person ceasing to be in his employ, or to be thus associated, return such certificate to the board together with a letter informing the board of such fact and, if such information is available, stating with whom that person is taking up employment or becoming associated.

(2) The provisions of subregulation (1) shall *mutatis mutandis* apply to a registration certificate issued to any person referred to in paragraph (cA) of the definition of "estate agent" in section 1 of this Act.

(3) If the employer concerned is unable for any reason to return the certificate as required by subregulation (1) or (2), as the case may be, the employer shall within 14 days of the termination of employment or ceasing to be associated, inform the board of that fact, stating the reasons why it is unable to return such certificate as well as furnishing all available information concerning the whereabouts of such employee or independent contractor.

13. A written request to the board to furnish the reasons for refusing to issue a fidelity fund certificate or a registration certificate to the person making such request shall be accompanied by an amount of R20.

14. Government Notices R. 956 of 24 May 1977, R. 989 of 1 June 1977, R. 1779 of 31 August 1978, R. 605 of 23 March 1979, R. 2500 of 13 November 1981, R. 1787 of 20 August 1982, R. 2071 of 23 September 1983 and 1935 of 30 August 1985 are hereby withdrawn.

AANHANGSEL/ANNEXURE A

SERTIFIKAAT/CERTIFICATE

GELDIG VANAF DATUM VAN UITREIKING TOT 31 DESEMBER/VALID FROM DATE OF ISSUE TO 31 DECEMBER

EIENDOMSAGENTE-GETROUHEIDSFONDS/ESTATE AGENTS FIDELITY FUND

Volle name/Full names.....

Naam van firma/maatskappy/beslote korporasie/Name of firm/company/close corporation.....

Adres/Address.....

Datum van uitreiking/Date of issue.....

Hierby word onderhewig aan die bepalings van Wet 112 van 1976 gesentifiseer dat die persoon wie se naam op hierdie Sertifikaat verskyn, voldoen het aan die bepalings van artikel 16 van Wet 112 van 1976 en die regulasies wat kragtens die gemelde Wet uitgevaardig is/This is to certify that subject to the provisions of Act 112 of 1976 the person whose name appears on this Certificate has complied with the provisions of section 16 of Act 112 of 1976 and the regulations promulgated in terms of the said Act.

Vir en namens die Raad vir Eiendomsagente/For and on behalf of the Estate Agents Board:

Bestuurder/Manager

Raad vir Eiendomsagente/The Estate Agents Board

Hierdie Sertifikaat is ongeldig tensy die seël van die Raad vir Eiendomsagente daarop aangebring is/This Certificate is not valid unless it bears the seal of the Estate Agents Board.

AANHANGSEL/ANNEXURE B

SERTIFIKAAT/CERTIFICATE

GELDIG VANAF DATUM VAN UITREIKING TOT 31 DESEMBER/VALID FROM DATE OF ISSUE TO 31 DECEMBER

REGISTRASIESERTIFIKAAT UITGEREIK AAN 'N EIENDOMSAGENT NA VERWYS IN PARAGRAAF (cA) VAN DIE WOORDOMSKRYWING VAN "EIENDOMSAGENT" IN ARTIKEL 1 VAN DIE WET OP EIENDOMSAGENTE, 1976 (WET 112 VAN 1976)/REGISTRATION CERTIFICATE ISSUED TO AN ESTATE AGENT REFERRED TO IN PARAGRAPH (cA) OF THE DEFINITION OF "ESTATE AGENT" IN SECTION 1 OF THE ESTATE AGENTS ACT, 1976 (ACT 112 OF 1976)

Volle name/Full names.....

Naam van firma/maatskappy/beslote korporasie/Name of firm/company/close corporation.....

Adres/Address.....

Datum van uitreiking/Date of issue.....

Hierby word onderhewig aan die bepalings van Wet 112 van 1976 gesertifiseer dat die persoon wie se naam op hierdie Sertifikaat verskyn voldoen het aan die bepalings van artikel 16 van Wet 112 van 1976 en die regulasies wat kragtens die gemelde Wet uitgevaardig is. This is to certify that subject to the provisions of Act 112 of 1976 the person whose name appears on this Certificate has complied with the provisions of section 16 of Act 112 of 1976 and the regulations promulgated in terms of the said Act.

Vir en namens die Raad vir Eiendomsagente/For and on behalf of the Estate Agents Board:

..... Bestuurder/Manager

Raad vir Eiendomsagente/The Estate Agents Board

Hierdie Sertifikaat is ongeldig tensy die seël van die Raad vir Eiendomsagente daarop aangebring is. This Certificate is not valid unless it bears the seal of the Estate Agents Board.

No. R. 1799

29 Augustus 1986

WET OP EIENDOMSAGENTE, 1976
GEDRAGSKODE

Die Raad vir Eiendomsagente, met die goedkeuring van die Adjunk-minister van Finansies en van Handel en Nywerheid, handelende namens die Minister van Handel en Nywerheid het, kragtens artikel 8 (b) van die Wet op Eiendomsagente, 1976 (Wet 112 van 1976), die gedragskode soos in die Bylae hierby uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie Gedragskode, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (a) “klant” ’n persoon wat homself kontraktueel teenoor ’n eiendomsagent verbind het met die doel dat die eiendomsagent namens hom ’n diens verrig vir ’n voordeel of teen betaling van enige vergoeding of kommissie.
 - (b) “konsessie” ’n ooreenkoms, reëling of verstandhouding tussen ’n konsessiegewer en ’n konsessie—ontvangereiendomsagent waarkragtens die konsessie—ontvangereiendomsagent geregtig is of vereis word om sake te doen onder ’n handelsnaam wat besit word deur of wat met die besigheid van die konsessiegewer of enige ander persoon geassosieer word.
2. ’n Eiendomsagent moet—
- 2.1 in of voortspruitend uit die dryf van sy besigheid geen handeling verrig of versuim om enige handeling te verrig wat die goeie naam, aansien of integriteit van eiendomsagente in die algemeen skaad of kan skaad nie;
 - 2.2 die belang van sy kant te alle tye na die beste van sy vermoë beskerm, met die nodige inagneming van die belang van alle ander betrokke partye;
 - 2.3 sy getrouheidsfondssertifikaat te alle tye tot bevrediging van die raad in ’n prominente plek in sy besigheidsplek vertoon;
 - 2.4 aan ’n koper of huurder of voornemende koper of voornemende huurder van onroerende eiendom ten opsigte waarvan ’n mandaat aan hom gegee is om dit te verkoop of te verhuur, alle feite met betrekking tot sodanige onroerende eiendom wat binne sy persoonlike kennis val en wat vir ’n voornemende koper of huurder daarvan wesenlik is of mag wees, mededeel;
 - 2.5 op aanvraag en in dié mate dat hy in staat is om dit doen, sonder onnodige versuim, aan ’n kontraksparty ’n afskrif verskaf van die betrokke koopooreenkoms, huurooreenkoms, aanbod, opsie, mandaat of soortgelyke dokument met betrekking tot elke transaksie waarby hy as eiendomsagente betrokke is;
 - 2.6 die Raad vir Eiendomsagente skriftelik binne 14 dae in kennis stel van enige verandering in die inligting wat aan die gemelde raad verskaf is toe hy om die uitreiking van ’n getrouheidsfondssertifikaat aansoek gedoen het en indien die inligting wat

No. R 1799

29 August 1986

ESTATE AGENTS ACT, 1976
CODE OF CONDUCT

The Estate Agents Board with the approval of the Deputy Minister of Finance and of Trade and Industry, acting on behalf of the Minister of Trade and Industry has, in terms of section 8 (b) of the Estate Agents Act, 1976 (Act 112 of 1976), framed the Code of Conduct as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Code of Conduct, unless the context otherwise indicates—

- (a) “client” means a person who has bound himself contractually to an estate agent for the purpose of the estate agent rendering a service on his behalf in return for any gain, or for the payment of any remuneration or commission.
 - (b) “franchise” means an agreement, arrangement or understanding between a franchisor and a franchisee estate agent in terms of which the franchisee estate agent is entitled or required to operate under a trade name which is owned by or which is associated with the business of the franchisor or any other person.
2. An estate agent shall—
- 2.1 not in or pursuant to the conduct of his business do or omit to do any act which will or may damage the good name, standing or integrity of estate agents in general;
 - 2.2 protect the interests of his client at all times to the best of his ability, with due regard to the interests of all other parties concerned;
 - 2.3 display his fidelity fund certificate at all times in a prominent position in his place of business to the satisfaction of the board;
 - 2.4 convey to a purchaser or lessee or an intending purchaser or an intending lessee of immovable property in respect of which a mandate to sell or lease has been given to him, all facts concerning such immovable property as are within his personal knowledge and which are or would be material to a prospective purchaser or lessee thereof;
 - 2.5 furnish without undue delay to a contracting party upon being so requested, insofar as he is able, a copy of the relevant agreement of sale, agreement of lease, offer, option, mandate or similar document relating to every transaction with which he is concerned as an estate agent;
 - 2.6 inform the Estate Agents Board in writing within 14 days of any change in the information supplied to the said board at the time when he applied for the issue to him of a fidelity fund certificate and, if the information appearing on the said certificate is

- op die genoemde sertifikaat verskyn nie meer van toepassing is nie of verander het, sodanige sertifikaat onverwyd aan die gemeide raad stuur vir plaaslike wysiging of kanselliasie daarvan of vir die uitreiking van 'n nuwe sertifikaat in die plek daarvan;
- 2.7 indien hy sy besigheid op 'n konsessiegrondslag dryf, duidelik en ondubbelsoos in al sy korrespondensie, sirkulêres, advertensies en ander geskrewe dokumente openbaar dat hy kragtens 'n konsessie handel en sy naam sowel as die naam van die konsessiegewer daarin vermeld;
- 2.8 indien hy sy besigheid onder 'n handelsnaam of styl anders as sy eie naam bedryf, in alle korrespondensie, sirkulêres, advertensies en ander geskrewe dokumente duidelik sy volle naam en, in die geval van 'n maatskappy of beslote korporasie, die registrasienommer daarvan asook die handelsnaam of styl aandui.
3. Geen eiendomsagent mag—
- 3.1 in sy hoedanigheid as eiendomsagent enige advertensie publiseer of laat publiseer wat die indruk skep dat dit deur 'n ander persoon as 'n eiendomsagent gepubliseer is nie;
- 3.2 sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die voorafgaande, by die adverteer van onroerende eiendom vir verkoop of verhuur opsetlik of nalatig mislei of 'n wanvoorstelling maak in verband met enige aangeleenthed wat op sodanige onroerende eiendom betrekking het nie;
- 3.3 direk of indirek vir homself koop, of enige belang in enige onroerende eiendom verkry ten aansien waarvan hy 'n mandaat gegee is om dit te verkoop, sonder die volle medewete en toestemming van die verkoper nie, of sy eie onroerende eiendom of enige onroerende eiendom waarin hy enige direkte of indirekte belang het aan enige voorname koper wat sy dienste bekom het, verkoop nie sonder dat daardie koper volledig kennis dra van sy eiendomsreg of belang in sodanige onroerende eiendom;
- 3.4 enige onroerende eiendom te koop of te huur aangebied, voorgee of poog om aan te bied of in verband daarmee onderhandel om 'n koper of huurder te werf of onderneem of aanbied om te werf sonder 'n voorafverkreë volmag van die eienaar of die verhuurder, na gelang van die geval, of van hul agente, welke volmag, wanneer dit 'n alleenagentskap verleen, skriftelik moet wees;
- 3.5 namens 'n voorname koper of huurder aanbied om enige onroerende eiendom te koop of te huur, voorgee of poog om aan te bied, of in verband daarmee onderhandel om 'n verkoper of verhuurder te werf of onderneem of aanbied om te werf sonder die voorafverkreë volmag van sodanige voorname koper of huurder, na gelang van die geval, of van hul agente, welke volmag wanneer dit 'n alleenagentskap verleen, skriftelik moet wees;
- 3.6 regstreeks of onregstreeks enige vergoeding aan enigeen betaal of aanbied om te betaal, of regstreeks of onregstreeks enige beweegmiddel aan enigeen aanbied ten einde besigheid te bekom of te poog om besigheid te bekom nie behalwe aan—
- 3.6.1 'n ander eiendomsagent wat in besit is van 'n geldige getrouheidsfondssertifikaat; of
- 3.6.2 'n prokureur bedoel in paraagraaf (d) van die omskrywing van "eiendomsagent" in artikel 1 van die Wet; of
- no longer applicable or has changed, forthwith forward such certificate to the siad board for appropriate amendment or for cancellation thereof or for the issue of a new certificate in substitution therefor;
- 2.7 if he conducts his business in terms of a franchise, disclose clearly and unambiguously in all his correspondence, circulars, advertisements and other written documentation that he operates in terms of a franchise and state thereon his name and the name of the franchisor;
- 2.8 if he conducts his business under a trade name or style other than his own name, clearly disclose in all correspondence, circulars, advertisements and other written documentation his full names and, in the case of a company or close corporation, the registration number thereof in addition to such trade name or style.
3. No estate agent shall—
- 3.1 in his capacity as an estate agent publish or cause to be published any advertisement which could create the impression that it was published by a person other than an estate agent;
- 3.2 without detracting from the generality of the foregoing, in advertising immovable property for sale or for letting, wilfully or negligently mislead or misrepresent in regard to any matters pertaining to such immovable property;
- 3.3 purchase directly or indirectly for himself, or acquire any interest in any immovable property in respect of which he has been given a mandate to sell, without the full knowledge and consent of the seller, or sell his own immovable property or any immovable property in which he has any direct or indirect interest to any prospective purchaser who has retained his services, without that purchaser having full knowledge of his ownership of, or interest in, such immovable property;
- 3.4 offer, purport or attempt to offer any immovable property for sale or to let or negotiate in connection therewith or canvas or undertake or offer to canvas a purchaser or lessee therefor without the prior authority of the owner or the lessor as the case may be, or of their agents, which authority, when it confers a sole agency, shall be in writing;
- 3.5 on behalf of a prospective purchaser or lessee offer, purport or attempt to offer to purchase or lease any immovable property or negotiate in connection therewith or canvass, or undertake or offer to canvass a seller or lessor therefor without the prior authority of such prospective purchaser or lessee, as the case may be, or their agents, which authority when it confers a sole agency, shall be in writing;
- 3.6 pay or offer to pay, directly or indirectly, any consideration or offer directly or indirectly any inducement to any party in order to secure or endeavour to secure business, except to—
- 3.6.1 another estate agent in possession of a valid fidelity fund certificate; or
- 3.6.2 an attorney intended in paragraph (d) of the definition of "estate agent" in section 1 of the Act; or

- | | |
|--|---|
| <p>3.6.3 enige ander persoon of liggaam soos die raad van tyd tot tyd mag bepaal: Met dien verstande dat die voorafgaande nie so uitgelê word dat dit 'n eiendomsagent of sy kliënt verbied om oor die bedrag wat as kommissie aan so 'n eiendomsagent betaalbaar is, te beding nie;</p> <p>3.7 optree of aanbied om op te tree in enige hoedanigheid in verband met 'n saak wat die onderwerp is van geregtelike of kwasi-geregtelike verrigtinge nie, hetsy op die veronderstelling dat geen vergoeding gevorder sal word tensy die verrigtinge suksesvol is nie, of dat die bedrag van die vergoeding deur hom gehef, verband sal hou met die mate van sukses behaal nie;</p> <p>3.8 opsetlik enige vertroulike inligting gebruik, wat deur hom verkry is van enige ander eiendomsagent in verband met enige onroerende eiendom of hangende transaksie wat daarmee verband hou, tot die nadeel van sodanige ander eiendomsagent nie;</p> <p>3.9 in verband met onroerende eiendom, soos omskryf in die Wet op Eiendomsagente, 1976 (Wet 112 van 1976), of 'n voornemende koper daarvan waarvan besonderhede van 'n ander eiendomsagent aangevra en verkry is, direk of indirek met die eienaar van daardie onroerende eiendom of daardie voornemende koper onderhandel nie, behalwe deur bemiddeling van of met die medewete en toestemming van sodanige ander eiendomsagent: Met dien verstande dat indien daardie onroerende eiendom van die mark onttrek word of die mandaat van daardie ander eiendomsagent beëindig word, alle verpligte van die eersgenoemde eiendomsagent teenoor die laasgenoemde beëindig word met betrekking tot daardie onroerende eiendom en koper, tensy skriftelik anders ooreengekom is tussen die betrokke eiendomsagente;</p> <p>3.10 deur middel van 'n maatskappy, beslote korporasie of 'n derde party of deur die gebruikmaking van sodanige maatskappy, beslote korporasie of derde party as 'n front of genomineerde, enigets doen wat nie vir hom toelaatbaar sou gewees het om te doen indien hy as 'n eiendomsagent sake sou gedoen het nie;</p> <p>3.11 'n mandaat of instruksies vir werk aanvaar ten opsigte van onroerende eiendom nie indien sy belang daarin bots met sy verpligte teenoor 'n bestaande klant in verband met dieselfde onroerende eiendom, sonder om eers sodanige belang skriftelik aan sodanige klant te openbaar nie;</p> <p>3.12 opsetlik of nalatig versuum om enige werk of pligte wat normaalweg deur 'n eiendomsagent uitgevoer word met so 'n mate van sorg en bedrewenheid uit te voer as wat na die oordeel van die raad redelik verwag kan word nie;</p> <p>3.13 bewustelik, in verband met sy bedrywighede as 'n eiendomsagent, enige valse verklaring voorberei, maak of enige ander persoon bystaan om dit voor te berei of te maak nie, hetsy mondeling of skriftelik, of 'n valse verklaring in verband daarmee teken wetende dat dit vals is, of bewustelik enige vals boeke of rekeninge of ander rekords voorberei of hou nie;</p> <p>3.14 sonder redelike oorsaak aan enige derde party enige vertroulike inligting openbaar wat deur hom verkry is rakende sakeaangeleenthede, bedryfsgeheimes of tegniese metodes of prosesse van 'n klant of werkgever nie;</p> | <p>3.6.3 any other person or body as the board may determine from time to time: Provided that the foregoing shall not be so construed as to prohibit an estate agent or his client from negotiating the amount payable as commission to such estate agent;</p> <p>3.7 act of offer to act in any capacity in relation to a matter which is the subject of judicial or quasi judicial proceedings either on the basis that no charge will be made unless the proceedings are successful or that the amount of the charge raised by him will be related to the degree of success attained;</p> <p>3.8 intentionally use any confidential information obtained by him from any other estate agent concerning any immovable property or pending transaction relating thereto to the prejudice of such other estate agent;</p> <p>3.9 in relation to immovable property, as defined in the Estate Agents Act, 1976 (Act 112 of 1976), or a prospective purchaser thereof, particulars of which or whom have been requested or obtained from another estate agent, negotiate or deal directly or indirectly with the owner of that immovable property or that prospective purchaser, save through that other estate agent or with the knowledge and consent of such estate agent: Provided that should that immovable property be withdrawn from the market or the mandate of that other estate agent be terminated, all obligations by the former estate agent towards the latter shall cease in respect of that immovable property and purchaser unless otherwise agreed in writing between the estate agents involved;</p> <p>3.10 through the medium of a company, close corporation or third party or using such company, close corporation or third party as a front or nominee do anything which it would not be permissible for him to do if he were operating as an estate agent;</p> <p>3.11 accept any mandate or instructions for work in respect of immovable property if his interest therein would conflict with his obligations towards an existing client in respect of the same immovable property without first disclosing such interest in writing to such client;</p> <p>3.12 wilfully or negligently fail to perform any work or duties normally performed by an estate agent with such degree of care and skill as in the opinion of the board may reasonably be expected;</p> <p>3.13 knowingly, in relation to his activities as an estate agent, prepare, make or assist any other person to prepare or make any false statement, whether orally or in writing or sign any false statement in relation thereto knowing it to be false, or knowingly prepare or maintain any false books of account or other records;</p> <p>3.14 without just cause divulge to any third party any confidential information obtained by him concerning the business affairs, trade secrets or technical methods or processes of a client or employer;</p> |
|--|---|

- 3.15 indien hy in diens van 'n eiendomsagent is, hetsy as 'n werknemer of as 'n onafhanklike kontrakteur, behalwe met die skriftelike toestemming van daardie eiendomsagent, enige werk wat binne die gebied van eiendomsagentskapwerk val, onderneem vir sy eie rekening of in vennootskap of vir 'n ander eiendomsagent nie;
- 3.16 'n eiennaar van trustfondse in die agent se besit of onder sy beheer versoek of beïnvloed om direk of indirek enige rente op geld gedeponeer of belê in gevolge artikel 32 (1) of 32 (2) (a) van die Wet aan die eiendomsagent dör te maak of te betaal nie;
- 3.17 voor die registrasie van oordrag van enige onroerende eiendom, ten opsigte van welke transaksie hy as eiendomsagent opgetree het, vir homself of vir sy voordeel, direk of indirek, 'n alleenagentskap of alleenreg verkry of aanvaar om die betrokke onroerende eiendom na die voormalde datum van oordrag van sodanige onroerende eiendom, te verkoop nie;
- 3.18 regstreeks of onregstreeks sonder goeie en genoegsame gronde op enige wyse hoëgenaamd, enige party tot 'n reeds aangegane transaksie of enige potensiële party tot 'n hangende transaksie, werf, aanmoedig, oorhaal of beïnvloed om van die dienste van 'n bepaalde prokureur, transportbeesorger, prokureursfirma of professionele maatskappy gebruik te maak of nie gebruik te maak nie;
- 3.19 direk of indirek enige vergoeding, kommissie, voordeel of wins beding, ontvang of vereis wat voortspruit uit of wat in verband staan met enige voltooide, hangende of beoogde transaksie wat aan 'n voorwaarde van enige aard onderworpe is nie, alvorens daardie voorwaarde nagekom is: Met dien verstande dat die voorgaande nie van toepassing sal wees nie ten opsigte van enige geskrewe lasgewing wat onafhanklik van die betrokke transaksie voltrek is, wat die eiendomsagent uitdruklik magtig om sy vergoeding, kommissie, voordeel of wins op enige tydstip voor die nakoming van die betrokke voorwaarde te ontvang en wat deur alle partye tot die betrokke transaksie onderteken is.
4. Elke eiendomsagent wat die alleeneienaar is van 'n eiendomsagentskap of 'n vennoot in 'n vennootskap of 'n direkteur van 'n maatskappy of 'n lid is van 'n beslote korporasie bedoel in paragraaf (b) van die omskrywing van "eiendomsagent" in artikel 1 van die Wet wat sake doen as 'n eiendomsagent, sal verantwoordelik gehou word vir enige oortreding van of versuim om te voldoen aan hierdie gedragskode deur enige ander vennoot, direkteur of lid of deur enige persoon in diens van sodanige alleeneienaareiendomsagentskap, vennootskap, maatskappy of beslote korporasie, hetsy as werknemer of onafhanklike kontrakteur tensy hy voor sodanige oortreding of versuim alle redelike stappe geneem het om dit te verhoed, en nie onder die omstandighede sodanige oortreding of versuim kon verhoed nie.
5. Goewermentskennisgewings R. 603 van 23 Maart 1979, R. 1122 van 6 Junie 1980, R. 2653 van 2 Desember 1983, R. 2695 van 9 Desember 1983, R. 571 van 15 Maart 1985 en R. 847 van 12 April 1985 word hierby ingetrek.

- 3.15 if he is in the service of an estate agent, whether as an employee or independent contractor undertake, save with the written consent of that estate agent, any work falling within the field of estate agency, for his own account or in partnership or for another estate agent;
- 3.16 solicit or influence an owner of trust funds in the agent's possession or under his control to make over or pay to the estate agent directly or indirectly any interest on moneys deposited or invested in terms of section 32 (1) or 32 (2) (a) of the Act;
- 3.17 prior to the registration of transfer of any immovable property, in respect of which transaction he acted as an estate agent, secure or accept for himself or for his benefit, directly or indirectly, a sole agency or sole mandate to sell the said immovable property after the aforesaid date of transfer of such immovable property;
- 3.18 without good and sufficient cause, directly or indirectly, in any manner whatsoever, solicit, encourage, persuade or influence any party or potential party to a pending or a completed transaction to utilise or refrain from utilising the services of a particular attorney, conveyancer, firm of attorneys or professional company;
- 3.19 stipulate for, demand or receive directly or indirectly any remuneration, commission, benefit or gain arising from or connected with any completed, pending or proposed transaction which is subject to a condition of any nature until such time as that condition has been fulfilled: Provided that the aforesaid shall not apply in respect of any written mandate executed independently of the transaction in question, which expressly authorises the estate agent to receive his remuneration, commission, benefit or gain at any time prior to the fulfilment of the condition in question and which is signed by all the parties to the particular transaction.
4. Every estate agent who is the sole proprietor of an estate agency business or a partner in a partnership or a director of a company or a member of a close corporation contemplated in paragraph (b) of the definition of "estate agent" in section 1 of the Act carrying on the business of an estate agent, shall be held responsible for any contravention of or failure to comply with this code of conduct by any other partner, director, or member or by any person in the service of such sole proprietorship, partnership, company or close corporation, whether as an employee or independent contractor unless he has prior to such contravention or failure to comply taken all reasonable steps to prevent same and could not in the circumstances have prevented such contravention or failure to comply.
5. Government Notices R. 603 of 23 March 1979; R. 1122 of 6 June 1980, R. 2653 of 2 December 1983, R. 2695 of 9 December 1983, R. 571 of 15 March 1985 and R. 847 of 12 April 1985 are hereby withdrawn.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 1803

29 Augustus 1986

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

SOMERGRAANSKEMA.—HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP MIELIES

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou-ekonomie, maak hierby ingevolge artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), bekend dat—

- (a) die Mielieraad bedoel in artikel 6 van die Somergranskema gepubliseer by Proklamasie R. 45 van 1979, soos gewysig, kragtens artikels 23 en 24 van genoemde Skema die heffing en spesiale heffing in die Bylae uiteengesit, opgelê het;
- (b) genoemde heffing en spesiale heffing deur my goedkeur is en op die datum van publikasie hiervan in werking tree; en
- (c) Goewermentskennisgwing R. 1325 van 27 Junie 1986 met ingang van genoemde datum van inwerkingtreding herroep word.

J. J. G. WENTZEL,

Minister van Landbou-ekonomie.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae het enige woord of uitdrukking waarvan 'n betekenis in die Skema geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“die Skema” die Somergranskema gepubliseer by Proklamasie R. 45 van 1979, soos gewysig;

“die regulasies” die regulasies met betrekking tot die gradering en verpakking van mielies, wat kragtens artikel 89 van die Wet uitgevaardig is;

“Gebied A” Gebied A soos in die regulasies omskryf;

“Gebied B” Gebied B soos in die regulasies omskryf;

“klas”, met betrekking tot mielies, 'n klas in die regulasies bedoel; en

“mieliesaad” mieliesaad wat—

- (a) van 'n varieteit is waarvan die benaming in die varieteitslys, wat gehou word ingevolge artikel 15 van die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976), aangevink is;
- (b) geproduseer is deur iemand wat ingevolge artikel 36 (1) van die Skema as 'n produsent van mieliesaad by die Raad geregistreer is; en
- (c) bestem is vir gebruik as voortplantingsmateriaal soos omskryf in die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976).

Heffing en spesiale heffing

2. (1) 'n Heffing en 'n spesiale heffing word hierby opgele op mielies van die klasse in kolom 1 van die tabel vermeld en op mieliesaad, wat—

- (a) binne Gebied A of Gebied B deur die produsent daarvan, hetsy as sodanig of as 'n mielieproduk of as 'n deel van 'n mielieproduk, verkoop word of vir 'n ander doel as vir sodanige produsent se eie gebruik of vir verbruik deur lede van sy huisgesin of om sy lewende hawe te voer, aangewend word;
- (b) buite Gebied A of Gebied B geproduseer is en binne genoemde gebiede verkoop word;

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 1803

29 August 1986

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

SUMMER GRAIN SCHEME.—LEVY AND SPECIAL LEVY ON MAIZE

I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agricultural Economics, hereby make known in terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), that—

- (a) the Maize Board referred to in section 6 of the Summer Grain Scheme published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended, has under sections 23 and 24 of the said Scheme imposed the levy and special levy set out in the Schedule;
- (b) the said levy and special levy have been approved by me and shall come into operation on the date of publication hereof; and
- (c) Government Notice R. 1325 of 27 June 1986 is repealed with effect from the said date of commencement.

J. J. G. WENTZEL,

Minister of Agricultural Economics.

SCHEDULE

Definitions

1. Any word or expression in this Schedule to which a meaning has been assigned in the Scheme shall have that meaning and, unless the context otherwise indicates—

“Area A” means Area A as defined in the regulations;

“Area B” means Area B as defined in the regulations;

“class”, with regard to maize, means a class referred to in the regulations;

“seed maize” means seed maize which—

- (a) is of a variety of which the name has been entered in the varietal list, which is kept in terms of section 15 of the Plant Improvement Act, 1976 (Act 53 of 1976);

- (b) is produced by a person who is registered by the Board in terms of section 36 (1) of the Scheme as a producer of seed maize; and

- (c) is intended for use as propagating material as defined in the Plant Improvements Act, 1976 (Act 53 of 1976).

“the regulations” means the regulations relating to the grading and packing of maize, which were made under section 89 of the Act; and

“the Scheme” means the Summer Grain Scheme published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended.

Levy and special levy

2. (1) A levy and a special levy are hereby imposed on maize of the classes specified in column 1 of the table, and on seed maize, that—

- (a) is sold within Area A or Area B by the producer thereof or is utilised by such producer for any purpose other than for his own consumption or for consumption by members of his household or for the feeding of his livestock, whether the maize is sold or utilised as such or as a maize product or as part of a maize product;

- (b) has been produced outside Area A or Area B and is sold within the said areas;

- (c) binne Gebied A of Gebied B geproduceer is en deur die produsent daarvan, hetsy as sodanig of as 'n mieleproduk of as 'n deel van 'n mieleproduk, buite genoemde gebiede verkoop word of vir 'n ander doel as vir sodanige produsent se eie gebruik of vir verbruik deur lede van sy huisgesin of om sy lewende hawe te voer, aangewend word;
- (d) buite Gebied A of Gebied B aan 'n persoon verkoop word wat binne genoemde gebiede met mielies of mieleproduktes as 'n besigheid handel, waar sodanige mielies deur die betrokke persoon in Gebied A of Gebied B ingebring word.

(2) Die bedrag van die heffing en spesiale heffing in subklousule (1) bedoel, is onderskeidelik soos in kolomme 2 en 3 van genoemde tabel teenoor die betrokke klas mielies, en teenoor mieliesaad vermeld.

TABEL

	Heffing per ton	Spesiale heffing per ton
1	2	3
	R	R
Witmielies	1,20	41,99
Geelmielies	1,20	45,25
Monstergraadmielies	1,20	45,25
Mieliesaad	1,20	0,11

- (c) has been produced within Area A or Area B and is sold by the producer thereof outside the said areas or is utilised by such producer for any purpose other than for his own consumption or for consumption by members of his household or for the feeding of his livestock, whether the maize is sold or utilised as such or as a maize product or as part of a maize product; and
- (d) is sold outside Area A or Area B to a person dealing in the course of trade with maize or maize products within the said Areas, where such maize is brought into Area A or Area B by the person concerned.

(2) The amount of the levy and special levy referred to in subclause (1) shall respectively be as specified in columns 2 and 3 of the said table opposite the class of maize concerned, and opposite seed maize.

TABLE

	Levy per ton	Special levy per ton
1	2	3
	R	R
White maize	1,20	41,99
Yellow maize	1,20	45,25
Sample grade maize	1,20	45,25
Seed maize	1,20	0,11

No. R. 1804

29 Augustus 1986

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

SUIWELSKEMA.—WYSIGING

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou-ekonomiese handelende kragtens artikel 14, soos toegepas by artikel 15 (3), van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968)—

- (a) publiseer hierby die wysigings in die Bylae uiteengesit, van die Suiwelskema gepubliseer by Proklamasie R. 290 van 1978, soos gewysig; en
- (b) verklaar hierby dat genoemde wysigings op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

J. J. G. WENTZEL,
Minister van Landbou-ekonomie.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die Skema" die Suiwelskema gepubliseer by Proklamasie R. 290 van 1978, soos gewysig.

Wysiging van artikel 1

2. Artikel 1 van die Skema word hierby gewysig deur die volgende item na item (jj) van subparagraph (iii) van paraagraaf (a) van die omskrywing van "beheerde gebied" in te voeg:

